*Vrydag* **4 Julie**

**Skrifgedeelte: Genesis 2:4-24**
**Fokusgedeelte: Genesis 2:4-5**
**Jubel in die Here, want sy almal word gesien in die skepping**

Daar is so baie waaraan ek en jy niks kan doen nie. Ons wil soms goed wees vir ’n geliefde, maar ons het nie die vermoë om hulle pyn weg te neem of om hulle omstandighede te verander nie. Dan staan ’n mens magteloos, soos soveel ander kere.

Maar God is almagtig! Ons sien sy almag so duidelik in die skepping. Eers was daar niks, en toe skep God dit wat is. God is lewe, en Hy bring lewe voor in sy skepping. In die diversiteit van die skepping sien ons dat die skepsels ook lewe voortbring: bome maak nog bome, diere, voëls en visse bring nog lewe van dieselfde soort voort.

Laat ons jubel; laat ons met vreugde hardop sing oor God se almag! Die hele skepping moet ons herinner aan God se almag! God het alles geskep, en Hy het ook die middele gegee om sy skepsels te onderhou. Hy gee riviere sodat mens en dier water het om te drink, en Hy gee reën om die plante te versorg. Hy sorg vir kos vir mens en dier deur die bome en plante.

Laat ons jubel; laat ons met vreugde sing oor God se almag! God skep, God gee die middele vir die skepsels se onderhoud, maar God bly ook betrokke in sy skepping. Hy regeer en versorg asof met sy eie hand. God ons Vader is so betrokke dat Hy sy Seun mens (’n skepsel) laat word, sodat Jesus ons herskep en lewe in dooie harte bring deur die Heilige Gees. Almal wat deur Jesus tot kinders van God aangeneem is, mag seker wees dat ons Vader ons sal versorg. Ons kan in teëspoed geduldig wees en in voorspoed dankbaar wees, want ons almagtige Vader versorg ons!

Laat ons jubelend met vreugde sing oor God se almag!

*Sing: Psalm 8-1:1, 3, 4*

*Ds. PJ (Peter) Hattingh (Vanderbijlpark Trinitas)*